



KROMPOKKELS, WITLUIS / MEALYBUG, SNUITKEWERS / SNOUTBEETLE

Agro-Organics

Newsletter 27
07 September 2010

Bogenoemde insekprobleme kan met **Bio-Insek** plus neem olie (**Bio-Neem**) beheer word. Bio-insek (*Beauveria bassiana*) is 'n mikoparasiet op meer as 400 insekspesies. Die swam het ook 'n groot voordeel in die sin dat dit baie omgewingsvriendelik is deurdat dit nie 'n invloed op erdwurms het nie. Die teorie is dat die erdwurm 'n nat en gladde veloppervlakte het en dus kan die swam nie daarop vestig nie.

Beheer van genoemde insekte kan al in die winter of vroeë lente begin word deur die Bio-Insek voloppervlakte op die grond toe te dien sodat die larwale en eier stadium van die onderskeie insekte geparasiteer kan word. Beste tyd van toediening is net voor of tydens reën sodat die swam se spore effens in die grond ingewas kan word. In die seisoen moet deeglik gemonitor word vir die voorkoms van die insekprobleme.

Wanneer **krompokkels** opgemerk word (1-2 vir elke 3 stokke gemonitor) moet stokke deeglik natgespuit word met Bio-Neem (300ml/100L) en Bio-insek 2kg/ha of 1L/ha.

In geval van **witluis** moet stokke wat vorige seisoen besmet was, deeglik gemonitor word vir voorkoms van witluise. Monitoring kan maklik gedoen word deur kleefband wat aan beide kante taai is, om 'n paar lote per stok te draai. Hierdie kleefband moet gereeld gemonitor word vir die voorkoms van kruipers en indien kruipers opgemerk word moet stokke met Bio-Insek en Bio-Neem gespuit word.

Beheer van **snuitekewers** berus ook daarop dat 'n voloppervlakte grondbespuiting gedurende die vroeë lente of in die winter gedoen word. Monitoring gedurende die seisoen kan gedoen word deur 'n strook geriffelde karton om 'n paar stokke naby grondvlak te bind en gereeld te monitor vir snuitkewers wat gedurende die dag agter die karton skuil. Indien snuitkewers opgemerk word (3-4 per karton) moet stokke deeglik natgespuit word soos vir witluisbeheer.

Bio-Insek powder: verpak / packed: 2 x 200 g

Bio-Insek liquid: op bestelling / on order verpak / packed: 1 / 5 / 20 /

Bio-Neem: verpak / packed: 5 / 20 /

Any technical challenges can be addressed to: strauss@agroorganics.co.za vir tegniese navrae.

Further news letters are at www.agroorganics.co.za under Publications, is daar verdere nuusbriewe.

The above insects can be controlled with Bio-Insek (*Beauveria bassiana*) and Bio-Neem (Neem Oil). Bio-Insek, a microparasite can be found on more than 400 insect species. The fungus has a great advantage in the sense that it has no influence on earthworms and thus being ecofriendly. The theory being the smooth/wet surface of the earthworm which prevents the fungus from inhabiting the earthworm.

Control of these insects should be started as soon as late winter/ early spring by full surface covering with Bio-Insek. This ensures that larva and egg stadia of the insects gets parasitized. Application is ideal just before or during rain, so as to enable the fungus spores to be washed into the soil. Monitoring of insect presence/ existence during the season, of high importance.

Should **krompokkels** be noticed (1-2 per every 3 vines) the vines should be properly wetted with Bio-Neem (300ml per 100L) and Bio-Insek (2kg/ha or 1L/ha).

Mealy bug should be closely monitored on vines which were infected during previous season. The monitoring can be done by application of double sided sticky tape on a number of vines. Monitor the sticky tape for crawlers. Bio-Insek and Bio-Neem to be applied if observed.

Control of **snoutbeetles** is most effective by full-area soil coverage during late winter or early spring. Monitoring during the season can be done by applying a piece of riffled carton around some vines, near groundlevel. Attending visitors will hide behind the applied carton during daytime and if there are more than 3 to 4 per cartoned vine, treat as previously stated with Bio-Insek and Bio-Neem.